Augustus 2016

Kan jy glo: dit is reeds amper die einde van Augustus en die greep van die winterkoue is besig om te versag. Ons is die afgelope seisoen geseën met baie reën, die koring- en canolalande lyk pragtig. Vir ‘n gelowige hart bly hierdie dinge tekens dat ons Here vir ons sorg.

Die afgelope paar weke het ons in die aanddienste stilgestaan by die Evangelie van Johannes. Ons het spesifiek gefokus op tekste waar Jesus ander leer en so kon ons oor ‘n paar teologiese beginsels praat – soos wat Jesus dit beskryf het. Herhaaldelike kere moes ons terugkom na die idee dat Jesus se “teologie” eintlik maar om **mense** gedraai het. Sy hele bediening was op mense gerig. En ons besef dat ons bediening, nou, hier in Bloubergstrand, nie anders mag wees nie.

In **Johannes 13** gee Jesus ons ‘n nuwe gebod: “*Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is*.” Dit is in ons onbeholpe pogings om hierdie gebod uit te voer dat ons graag vir julle wil vertel van die **mense met wie ons te doen kry** en hoe ons, as gemeente, hulle/julle probeer bedien. Dit is mense met verskillende stories – sommiges baie seer, ander vol vreugde. Mense wat verskillende tale praat, mense wat van verskillende plekke af kom, mense wat die Here Jesus deur verskillende spiritualiteite ervaar. Ons sien hoe lief Hy hulle het en ons opregte gebed is dat ons hulle net so sal kan liefhê.

In ons vorige brief het ons met opgewondenheid en afwagting in ons harte vertel van ons betrokkenheid by NGK Table View en Ds. Niel Steyn se bediening aan die gemeenskap en sy mense. Daar is reeds ‘n gevestigde bediening aan straatmense op die been gebring wat veral draai rondom **Maandagaande se gemeenskapsete**. Enige iemand (julle ook!) is welkom om ‘n warm bord kos te kom geniet, saam kerk te hou en te luister na iemand se storie wat jy andersins nooit mee te doen sou kry nie. Etes is elke Maandagaand, 18:30 by Grey Laan 41. Asseblief kom loer in.

Verder moet julle op die uitkyk wees vir **HelpLift**. Dit is ‘n databasis wat gemeentelede help om hulle gawes, talente, vaardighede en tyd op ‘n gestruktureerde manier aan te bied vir dié in nood. Die idee is dat jy ‘n dissipel kan wees net daar waar jy daagliks besig is, sonder dat jy ekstra tyd aan ‘n ekstra projek hoef te spandeer. Help ons ook asseblief bid om duidelikheid te kry oor presies hoe ons by die **skole** in die omgewing betrokke kan raak. Daar is verskeie moontlikhede maar ons is nog nie heeltemal seker presies hoe dit moet lyk nie.

Ons gemeente is jare lank reeds gewoond aan bediening in **verskillende spiritualiteite.** Ons aanvaar dat mense hulle verhouding met God verskillend beleef en verskillend wil uitleef. Daarom doen ons moeite met goeie kerkmusiek in verskillende genres – van klassiek tot kontemporêr. Veral diegene met ‘n voorliefde vir meer formele musiek is spesiaal bederf in die laaste kwartaal: ons kon luister na ‘n uitvoering van die Moody Men’s Choir al die pad van Chicago op 31 Mei, EN ons kon die vreugde van ‘n nuwe orrel en die inwyding daarvan op 31 Julie ervaar.

Bataviastraat 3, Bloubergstrand 7441 - Posbus 17, Bloubergstrand 7436 - Tel: 021 554 1290 - Faks: 086 591 5147
E-pos: ngkblouberg@mweb.co.za - www.ngkbloubergstrand.co.za

Ds Marthinus Britz: Tel: 021 554 3266 / 082 603 5508 / thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie Dercksen: Tel: 021 554 1277 / 083 276 4944 / elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie Steyn: Tel: 021 554 2045 / 083 461 1220 / marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

Ook in ons Jeugbediening besef ons dat elke jongmens nie sommer oor dieselfde kam geskeer kan word nie. Daarom het ons hierdie kwartaal begin om ook spesifiek op ons **Gr. 4-7's** te fokus, 'n groep wat dalk in die verlede 'n bietjie afgeskeep is. Wees op die uitkyk vir spesiale Klubaande, of dan Koffiekroeë, spesifiek vir jongmense van daardie ouderdom. Ons is ook opgewonde om julle te vertel van **#ImagineKidz**. Na die groot sukses van die #Imagine beweging onder tieners het die kerk nou ook 'n nuwe fokus waar ons 'n gedesentraliseerde Imagine fees gaan hou, met verskillende *Hubs,* spesifiek vir die Gr.4-7s. Ons is opgewonde om te sê dat ons gemeente so 'n hub is! Hierdie geleentheid vind plaas tydens die Oktober skoolvakansie. Groot bemarking is op pad maar as jy kinders van daardie ouderdom het of ken, hou solank 3-5 Oktober oop.

'n Heeltemal ander groep mense wat ons gemeente ook die voorreg het om te bedien is die **Himbas van die Kaokoland**. Tydens die Junie/Julie skoolvakansie het 'n klein groepie jongmense hul tyd en geld opgeoffer om daar te gaan liefhê. Watter voorreg is dit nie om saam met iemand wie se taal jy nie verstaan en wie se kultuur totaal vreemd is, te kan bid vir genesing – fisies en geestelik? Ons kon by 'n vrou gaan kuier wat ons twee jaar gelede op die uitreik ontmoet het en op daardie stadium ernstig verslaaf was aan drank. Ons het vir haar gebid en twee jaar later getuig sy hoe die Here haar genees het van alkoholisme en hoe sy nou weer 'n goeie ma vir haar kinders kan wees. Ons kon saam met die handjie vol gelowiges bid vir krag om sterk te staan ten spyte van die feit dat die naaste ander gelowiges 50 km ver op 'n slegte grondpad is. Ons kon honderde kinders in skole bedien deur sang en drama en so die boodskap van Jesus se liefde met hulle deel.

Wanneer ons ons voorneem om ons bedienings so rondom mense te fokus, kry ons ook met mense se seer-stories te doen. Dit is vir ons 'n voorreg dat julle ons steeds met hierdie stories vertrou. **Elkeen se storie** van seer of hoop, geloof of ontnugtering is vir ons **kosbaar.** Wees asseblief steeds vrymoedig om te kom kuier by die leraars vir saam bid en saam soek na antwoorde.

Ons kan nog bladsye skryf oor die stories van mense met wie ons te doen kry en die stories van mense wat ons ook elke dag kom leer om lief te hê soos wat Jesus ons liefhet. Dit bly vir ons 'n ongelooflike voorreg om ook van julle storie te kan deel wees. Dankie dat julle ons deelmaak, op welke manier ookal.

Geleenthede vir deel wees in die nabye toekoms (DV):

*'n Nuwe Seisoen met Marinda Engelbrecht, 8 September om 19:00 (Praatjie en vingerete ten bate van Bloubergstrand Maatskaplike Dienste. Almal is welkom. Kaartjies is nou beskikbaar by die kerkkantoor teen R100 pp)
*Ons jaarlikse Snoekbraai gebeur op 14 Oktober – hou solank die datum oop!
*Praatjie gedurende Nasionale Week vir Bejaardes deur ons eie dr. Andries Botha, 28 September 10:00
*Kooroefeninge vir die Kerssangdiens begin op 12 Oktober (Laat weet vir ds. Elmarie indien jy belangstel)
*Musiek Aand op 28 Oktober met ons nuwe orrel as hoof instrument.

"Al wat van belang is, is geloof wat in liefde tot dade oorgaan."

Gal 5:6b

Namens die kerkraad

Ds Thinus Ds Elmarie Ds Marietjie